Gesprek oor Belhar Belydenis

(1) ePosduif 44 – 9 November 2011

Artikel van Pieter Raath – Terugvoer ASM-vergadering.

Rugby ASM

Pieter Raath skryf: "In rugby is daar 'n paar reëls wat jou gesonde verstand vir jou sal sê: Hou hierby anders gaan jy sonder die beker huis toe. Een van daardie reëls is om nooit die bal vir iemand uit te gee wat in 'n swakker posisie as jy is nie. Maar moet nou ook nie selfsugtig aan 'n bal vasklou terwyl iemand anders kan punte aanteken nie.
"Binne hierdie reëls het die ASM (Algemene Sinodale Moderamen) verlede week gaan kyk na al die prioriteite wat die sinode in Oktober 2011 vasgestel het en besluit om in die meeste gevalle die bal te laat loop na persone of taakspanne in beter posisies. Verder het ons ook rondom prioriteite 'n eie spelpatroon gekies wat nie toelaat dat die ander span, of selfs toeskouers, ons spelpatroon dikteer nie."

Die spel wat ASM verlede week gespeel het, verloop verder so:

Kom ons kyk net vinnig na 'n paar balle wat uitgegee is – duidelik kan mens mos nou nie alles hier uitlig nie:
Die bestaande werk van die Algemene Taakspan Fondse is na ATF uitgegee en so die Algemene taakspan Regte se bestaande werk na ATR. Rondom veral ons predikante is heelwat balle laat loop na die nuwe Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) terwyl die Bestuursraad baie los balle van sy eie sal moet oppik. Die argief (ATA) en kuratoria (AK) en Bybelvertaling moet ook balle hanteer wat regtig nie op die ASM en Algemene Sinode se speelveld hoort nie. Hulle is net in 'n beter posisie.

Moet ook nie die balle aan spelers soos die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis (VDDG) en die Taakspan Kommunikasie vir die Moderamen en die Lessenaar vir Publieke Getuienis (LPG) vergeet niet. Die Apostolicum, Missionale ekklesiologie, die bediening van sakramente, liturgie, liedere, doopherinnering, diversiteit, klein gemeentes grondhervorming, lidmaatbemagtiging en vele ander is ook op die veld, maar dis balle in die hande van ander persone of groepe.
Die ASM self wil sy spelpatroon vir die volgende jaar of twee laat fokus op 6 prioriteite. Hierdie ses prioriteite is soos volg vasgestel: Tydens die laaste sittingsdag van die Sinode het die 380 afgevaardigdes 327 prioritiseringsvraelyste ingehandig. Die resultate hiervan het enkele duidelike tendense uitgelig en is deur die ASM geprioritiseer in die lig wat ons het (ook vanuit die Woord).

1 Belydenis.

Hier is die Belydenis van Belhar natuurlik veral ter sprake en ons sou graag die Luisterseisoen se prosesse en waardes wou aanwend as die DNA van ons gesprek oor Belhar. As mens op 'n ander manier in hierdie losskrum ingaan kan daar 'n strafskop of twee volg. Dit wil mens nie as jy wil wen nie.
Daarom moet die prosesse en materiaal oor Belhar eerlik en eenvoudig wees. Dit moet baie soepel en in samewerking met ander kerke en gelowiges wees terwyl ons regtig

luister na God en na mekaar. Om hiermee te help is daar reeds ’n webforum geskep vir gesprek: www.belydenisvanbelhar.co.za
Daar sal ook eenvoudige studiedokumente volg terwyl sinodes gevra word om vir eers net terug te sit terwyl die bal nog in die skrum is. Dink solank geloofsonderskeidend saam oor hoe ons die bal moet speel wanneer dit uitkom, maar moenie nou van die kant af instorm nie. Die bal sal kom met ’n eenvoudige uitspel van die proses vorentoe wat Kobus (Algemene Sekretaris) namens die ASM se Dagbestuur eersdags sal laat loop.
Wanneer die bal kom, maak asseblief gebruik van die ASM se taakspan vir advies oor die speel van die bal. In die taakspan is daar spelers uit elke Sinodale gebied. Ek self is al in beseringstyd en Frikkie het ingewillig om namens ons op te draf – maar die ASM is so tegemoetkomend dat hulle vir SW (op eie koste) ook as impakspeler sal gebruik.
Hou die eerste Kerkbode van Februarie 2012 dop vir die volledige program rondom die hantering van Belhar in die tyd wat kom. Hou ook die “pos” dop vir ’n brief van die Dagbestuur (ASM) en wees op die uitkyk vir ’n DVD wat op pad is. Berei jou biddend voor vir die wedstryd wat kom en onthou in Wie se span ons speel.

2 Kerkhereniging

Die ASM se Dagbestuur gaan voor die einde van 2011 die Sinode se besluite oor kerkhereniging aan al drie die ander kerke afsonderlik verduidelik. In Maart 2012 tel die ASM die bal weer self op vir die volgende fase. Geduld is soos by Belhar (en in rugby) die ding wat nou die deurslag sal gee.
Dit lyk op hierdie stadium asof die aangewese wedstrydplan sal wees dat die vier kerke se moderature so gou doenlik in 2012 bymekaar kom om te fokus op die volgende sake:

- Stel vas waar die bal lê – waar staan ons kerke tans met mekaar?
- Kry nuwe gesprekke aan die gang.
- Kontrakteer ’n proses met duidelike uitkomste.
- Klaar die waardes uit waarmee ons vorentoe saam gaan werk – ons is tog saam op die veld en elkeen behoort tog sy medespelers voluit te kan vertrou sodat elkeen net sy eie spel kan speel – daar moet ’n veilige ruimte vir elkeen wees.
- Werk met die beginsel dat alles nie kant en klaar hoef te wees voor daar in hereniging inbeweeg word nie – begin net.
- Hiervandaan behoort die verskillende kerke se Moderamens met ’n aantal ooreengekome verteenwoordigers deel van die wedstrydplan te wees.
- Ondertussen sal ’n taakspan uit die verskillende kerke ’n konsep-kerkorde saamstel om voor die Algemene Sinode van 2013 te lê as ’n moontlike prentjie van hoe een kerk vorentoe sou kon lyk.
- Die Dagbestuur sal alle FAQ (vrae wat gereeld gevra word) in oorleg met die ander drie kerke hanteer.

3 Menswaardigheid

In KZN het ons op ‘n stadium byna morbied begin raak oor dit wat ons *bestaansonsekerheid* genoem het. Tans werk ons eerder vanuit ons *sekerheid* in Christus

binne ons konteks en dis opmerklik hoeveel meer positiewe energie ons op die veld beleef.
Die ASM sou waarskynlik ook kon speel met die armoedevraagstuk, maar dit insigself is negatief. Daarom wil ons graag fokus op die *menswaardigheid* van elke mens en binne hierdie positiewe energie dinge soos armoede en onderwys en wat nog meer holisties aanspreek.
Maar soos in rugby sal die ASM hier ook kundiges van buite inroep – onder andere verteenwoordigers van VDDG (Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis) vir Maart 2012 se Moderamenvergadering. Daar sal ook deurlopende gesprekke volg met die Sinodes, die ander kerke, ekumeniese vennote, ander ekumeniese liggame en akademiese instellings.
Navorsingsmateriaal sal deurlopend gekommunikeer word en die totale armoedevraagstuk sal deurgans binne die dampkring van besinning oor menswaardigheid hanteer word. Met dit in gedagte sal daar opnuut gekyk word na die formulering van ‘n gefundeerde christelike antropologie wat ons binne die kerk as werksbasis kan gebruik.

4 Die vestiging van ’n kultuur van gestuurdheid

Hierdie “mindset” is reeds sterk gevestig in die kerk maar moet beslis gekoester en selfs agressief uitgebou word. Daarom wil die ASM alles in ons vermoeë doen om in alles wat ons aanpak ’n kultuur van gestuurdheid te moduleer.
Die kerk moet steeds ontdek waar God daagliks aan die werk is en juis daar met gawes en middele inval vir ons aandeel aan die opbou van God se ryk. In die proses moet daar ’n duidelike en gesonde balans gehandhaaf word tussen opbou en uitbou. Alle bestaande bronne, kundighede, prosesse en vennootskappe moet eenvoudig benut en gekoördineer word. Hierdie uiters belangrike saak om ’n kultuur van gestuurdheid uit te bou moet deel uitmaak van die hele kerkherenigingsproses.

5 Volhoubare lewe (oa ekologie)

Mens kan nie op ’n veld speel wat disintegreer nie. Daarom het die ASM volhoubare lewe, wat ekologie insluit, hoog op die agenda. Volgende vergaderings gaan meer kwalitieit tyd daaraan gee.

6 Die bou van ’n gesprekskultuur

’n Goeie span moet op die veld kommunikeer, anders verloor hulle die bal. Aan kommunikasie en media en forums en netwerke en vennootskape sal ons in die kerk ernstig moet bly aandag gee.
Aan die einde van elke wêreldbeker weet die deelnemende lande al lankal waar en wanneer die volgende wêreldbeker op die spel is. Nou ja, dit lyk vir my dit kan van 11 tot 14 Oktober 2013 in die Oos-Kaap plaasvind. Dit vind oor ’n naweek plaas om dit so vir afgevaardigdes makliker te maak ten opsigte van verlof en ook om die betrokke Sondag iets van ons onderlinge verbondenheid in Oos-Kaap te vier.
Ondertussen wil die ASM hard daaraan werk om gemeentes deel te laat wees van die proses op pad na die volgende Algemene Sinode. Gemeentes moet geloofsonderskeidend help besin oor dit wat op die tafel van die Algemene Sinode is. Die kommunikasiekanale

is oop. Verder gee ons dringend aandag aan ‘n dinamiese proses tussen die Algemene Sinode en die streeksinodes.
Nou ja, dis ’n baie lang verslag oor ’n baie geseënde ASM-vergadering. Maar een ding staan vas: As ons die beker wil hooghou, moet ons die bal speel en nie die man nie.
Pieter Raath.

---

(2) Reaksie: Petrus Mans (NG Gemeente Merrivale)

Rugby ASM

Ds Raath
Wanneer n spel gespeel word soos byvoorbeeld rugby is almal bewus van die reels waar volgens die spel gespeel word. In n spel is daar gewoonlik spanne en skeidsregters. Spel reels is so dat albei spanne dieselfde geleendhede het en die skeidsregters is neutraal, om n regverdige uitslag te verseker. Dit is om te verseker dat n span, nie soos met die Springbokke in die 2011 Wereldbeker, onregverdiglik uit geskakel word.

Ek haal aan, “Binne hierdie reëls het die ASM (Algemene Sinodale Moderamen) verlede week gaan kyk na al die prioriteite wat die sinode in Oktober 2011 vasgestel het en besluit om in die meeste gevalle die bal te laat loop na persone of taakspanne in beter posisies.”, dit wil dus vir my voorkom asof die ASM die reels skep en n speller is in hierdie wedstryd.

Dit wil verder vir my voorkom asof die reels nog nie op die tafel geplaas ter insae vir die oposiesie nl. “Hou die eerste Kerkbode van Februarie 2012 dop vir die volledige program rondom die hantering van Belhar in die tyd wat kom. Hou ook die “pos” dop vir ’n brief van die Dagbestuur (ASM) en wees op die uitkyk vir ’n DVD wat op pad is.

Daar word gevra “Berei jou biddend voor vir die wedstryd wat kom en onthou in Wie se span ons speel.”, weereens hoe moet n mens voorberei vir n wedstryd wat nie moes begin het maar reeds aan die gang is; nl, Rugby ASM; Die spel wat ASM verlede week gespeel het, verloop verder so: Kom ons kyk net vinnig na ’n paar balle wat uitgegee is – duidelik kan mens mos nou nie alles hier uitlig nie:

Die ding wat my tot kommer stem is die gedeelte wat vra “ onthou Wie se span”. Dit wil die indruk skep dat enige iemand wat verskil of in n ander span is en teen GOD is..

Sou dit dus n geval wees, van waar almal in dieselfde span is, dan behoort dit te wees soos U gese het, onderworpe aan die beginsel van “n Goeie span moet op die veld kommunikeer, anders verloor hulle die bal.” Dus sou dit beteken dat probleme binne die kerk met lidmate bespreek word voor en na sinodes. Lidmate word verwys na webwerwe met beperkte toegang wat bespreking en debat aan bande le.

Sou n mens kon vra of sinode gangers nie afgevaardigdes is, wat gemeentes en ringe verteenwoordig en nie hul self nie. As dit so is, hoe weet hulle sonder om vooraf inligting in te win en dan later terugvoering te gee. Die situasie het daartoe gely dat die ring van Louis Trichardt se, ek haal aan,”Louis Trichardt vermoed die kerkleiding het n sinistere plan om alle lidmate uiteindlik te probeer begelei om Belhar te onderskryf” Dr Johann Ernst die aktuarius van die NGK se, ek haal aan “die ringkommissie tree total buite sy bevoegdheid op”. U aan die anderkant se “As mens op ‘n ander manier in hierdie losskrum ingaan kan daar ’n strafskop of twee volg. Dit wil mens nie as jy wil wen nie” Die ring word nou van vuilspel aangekla omdat daar geen oopgesprek is nie. Wil ons of moet ons wen, is dit n menslikke humanistiese situasie of n godelikke teokrasie.

Die opgebreek van sake in kleiner losstaande eenhede maar met presies dieselfde doelstellings, nl. Belhar belydenis, Hereniging en die Hersiening van die kerkorde, wil blyk n manier te wees om verwaring te skep.

U vra vir die bou van n gesprekskultuur en ek ondersteun dit heelhartig. Kom ons begin by die begin. Wat is die spel, wie speel, wie maak die reels en wie maak die finale besluit.

Ek vra vir n ope gesprek sonder om soos die engelsman se te “Duck & Dive” – op die punt af.

Petrus Mans

(3) Pieter Raath antwoord :

Dagse Petrus,
Ek reageer maar net vinnig op jou skrywe sonder om op elke punt in te gaan. Ons gaan mos nog eendag gesels.

Die reëls waarmee die ASM speel is die besluite van die Algemene Sinode in die lig van ons verstaan van die Woord en gebind aan die kerk se Kerkorde en besluite. Tensy die besluite en Kerkorde sou afwyk van die Woord. Maar dan is daar ook 'n voorgeskrewe pad om te loop - gepraat van spelreëls.

Daarby het ons in die kerk 'n klompie jaar gelede gekies vir 'n paar beginsels wat ons glo kan werk: Leerbaarheid, openheid, vertroue en deernis.
Ons probeer deurgans by God en mekaar leer terwyl ons moeite doen om ons oop te stel vir God se "standpunt" en vir mekaar se verstaan van daardie stanpunt. Natuurlik vertrou ons God, maar ons wil graag ook so met mekaar omgaan en kommunikeer dat ons mekaar steeds kan vertrou - al verskil ons hemelsbreed. Juis daarom is ons gedwing, uit liefde, om deernis te hê met mekaar en met mekaar se standpunte.

Die Belhar hantering is nie obskuur of wat ook al nie. 7-8 jaar gelede het ons sekere voorstelle by die Algemene Sinode geneem en deurgestuur aan gemeentes en ringe en sinodes. Daardie voorstelle het nou besluit geword en ons spelreëls sê dat dit nou deur 2/3's van alle gemeentes met 'n 2/3 meerderhied aanvaar moet word. Daarna moet al ons sinodes dit met 'n 2/3 meerderheid aanvaar, voordat die Algemene Sinode dit ook met 2/3's aanvaar. Materiaal wat nou van die ASM en Sekretaris af gaan kom is doodeenvoudig die metode van hantering en 'n studiestuk, vir wie ookal die Belydnis aan die Skrif wou toets, asook antwoorde op vrae wat dikwels gestel word.

Met leerbaarheid en openheid en vertroue en deernis is ons (jy en ek) veronderstel om in dieselfde span te speel, al verskil ons hoe erg. As ons teen mekaar speel, speel ek regtig nie meer saam nie. Juis daarom sal jy my maar moet glo as ek vir jou sê dat die verdeling van Eenwording en Belhar gemaak is omdat sekere mense in die (4) kerke kans sien vir Belhar as belydenis met of sonder eenwording en ander nie. Die gedagte is:

Besluit oor Belhar op meriete en getoets aan die Woord. Besluit op eenwording twv eenwording en nie twv Belhar nie. As die twee uitkomste later trou of skei - goed.

Ek het toe nie Louis Trichardt se dokument gelees nie, juis omdat my gewone verpligtinge bietjie agtergeraak het met die baie weg wees uit die gemeente. So, laat ek nie kommentaar lewer nie. Maar met jou gesels ek graag en veral oor spesifieke vrae wat ek spesifiek kan antwoord. Maar dit kan ek net doen as jy en ek altwee bereid is om oop te wees teenoor mekaar, mekaar te vertrou, deernis te hê met mekaar se standpunte en by mekaar te leer. Anders gaan ons mos nou nie ver kom nie.

By die sinode glo ek het ek telkens reg gestem al het ek soms anders as die meerderheid gestem. Soos dit hoort het ek as afgevaardigde gestem volgens my verstaan van die Woord en nie in opdrag van enige sinode, ring of kerkraad nie, hoewel ek die opdragte vanuit KZN telkens by vergaderings duidelik stel. 'n Sinode is nie demokraties nie, maar Teokraties. En as ek die Woord anders as my kollegas verstaan en hulle standpunt word aanvaar, dan val ek daarby in, want ek het self gebid vir die uitkoms. As ek nogtans dink dis 'n verkeerde besluit dan begin ek met 'n Kerkordelike proses van alles in plek te kry.

Dankie dat jy gereageer het.

Pieter Raath.

---

18 November 2011

Aan: Ds Raath

KERNVRAAGSTUK

Dominee, die begin van die gesprek behoort te gaan oor die kernvraagstuk. Maar wat sou dit wees. Tans is daar binne die NGK bespreking, gedagtewisseling en voorstelle oor verskeie onderwerpe / kwesies wat volgens wat ek geleer is deur die kerk en my ouers, geantwoord of beantwoord was nl: doop, duiwel, Christus se geboorte, homoseksualiteit, NGK organisasie of bestel en geloofsbelydenisse, ens.

Baie van die onderwerpe / kwesies het Ja/Nee antwoorde wat geantwoord behoort te word en dan as afgehandel beskou behoort te word. Maar heellaas nie……..!!!!!!!. Die NGK blyk nou soos n taxi te wees - daar is altyd plek vir nog een, niks of niemand word weggewys nie. Volgens Tobie Wiese (Kerkbode 4/11/11: NG Kerk Drink van die Stroom) beweeg die NGK weg van die regiede (regte leer/ortodoksie) na die soepeler (regte lewe/ortopraksie).

Nou is die vraag is die onderwerpe / kwesies losstaande eenhede of dalk gekoppel. Is dit ‘n teken van die tye of van vertwyfeling. Skep die vele vertalings van die Bybel inhoudskonteks verskille, wat dalk verwaring veroorsaak.

My vraag klink dom, maar dalk is ek dom want met dieselfde formeliere van eenheid, dieselfde geloofsbelydenisse - hoekom verskil ons tensy ons Bybels verskil? In die Bybel word ons gewaarsku dat ‘n koningkryk wat in homself verdeel is, tot niet sal gaan. ‘n Waarheid bly tog immers altyd ‘n waarheid, veral as dit kom vanuit die Bybel.

As ons dan redeneer dat dit nie die geval is dat die verskille is vanweë verskillende leerstellings of die Bybel nie, waarom dan. Die Bybel waarsku teen dwaalleer, maar ek wil glo en vertrou dat die sinode bedag daarop sal wees en dit onmiddellik sal teëwerk. Des nie teenstaande is daar 'n "veltog wat deur 'n beswaarde lidmaat van die NG Kerk begin is om die meeste predikante wat die onlangse Algemene Sinode bygewoon het van dwaalleer te probeer aankla."(Kerkbode 04/11/2011, Christene tree nie so op nie – Gerber)

Dus, tensy ek in sirkels praat of redeneer is daar 'n ander rede vir 'n soeke na verandering. Ek weet die mees algemeenste of verwagte antwoord is reformasie, hervorming wat ononderbroke moet voortgaan, maar hoekom so baie en hoekom nou (Hierdie teenswoordige periode, tydgleuf, era)? Hoekom so sterk in die NGK maar nie in andere nie?

Nou wil dit voorkom of daar dalk emosionele verwaring ontstaan het binne ons kerk, die NG Kerk. Volgens Tobie Wiese (Kerkbode 4/11/11: NG Kerk Drink van die Stroom) "in 'n opname van die dagblad Beeld het 63% van die mense gesê hulle heg geen waarde aan die sinode se besluite nie en nog 29% het gesê hulle neem net kennis daarvan" Ons kom strompelend en struikelend voor met verskille wat ge-opper word in die media. Definitief nie 'n geskikte forum nie. NGK lidmaat getalle daal met ander wat op soek is na tuistes waar dinge meer duidelik en openlik is.

U sal onmiddelik wil vra "vanwaar Gehasi?", waar val jy uit met so 'n opmerking. Dus gaan ek voort en gee n voorbeeld, nl. "Die Her-eniging van die NGK familie". 'n Samevoeging van wat was, hoe kan dit 'n problem wees? Ek opper net twee gedagtes ter verduideliking aangesien ek nog steeds probeer om by die kernvraagstuk uit te kom:

Eerstens, die kerkorde praat oor die Hereniging, verwysende na "die skryf van 'n nuwe kerkorde, die naam van die kerk, teologiese opleiding, organisasie van kerklike werksaamhede, finansies en eiendomme, taal, ens", ek weet nie, dit smaak vir my soos iets totaal nuut en nie iets wat net saam gevoeg word nie.

Verder skryf Dr Ben Du Toit/Dr Gideon van der Watt (Kerkbode van die 16/09/2011) "Ons is daarvan oortuig dat indien die Algemene Sinode die voorstel oor eenheid met die NGKA en RCA aanvaar, dit nie 'n einde sal bring aan die apartheidsetiket om die nek van die kerk nie, en dat selfs ook die RCA en NGKA sodoende n stuk geloofwaardigheid kan verloor" Nou is Dr Kobus Gerber volgens die Kerkbode 4//11/11 besig om vure dood te slaan, nl hy ontken dat die NGKA en RCA deur die NG Kerk in die steek gelaat is." Dit skakel nie vir my mooi in nie by die kerk se verklaring dat "Ons is diep oortuig dat die Gees van God sy kerk lei om die eenheid van die kerk van Jesus Christus na te jaag".

Dit lyk vir my asof ons hier te doen het met iets wat nie duidelik uitgespel word nie en dat alle onderwerpe/kwesies 'n eenheid vorm van verweer, afwasing of reiniging binne die geo-politiese omgewing. Dus, word daar gedans..en gedans, maar niemand sê dit nie.

Dit wil voorkom of daar gedink word dat die NGK besoedel is en die enigste uitweg om dit te reinig is om dit tot niet te maak.

In die begeleidingsbrief van Belhar word dit baie duidelik gestel, "Ons is terdeë daarvan bewus dat hierdie belydenis roep om die aftakeling van denk-, kerklike en samelewingstrukture wat oor baie jare heen gegroei het."

Dus, die kernvraagstuk (of begin punt) is of die NGK kan, of moet, of gaan voort bestaan en waarom.

Petrus Mans

Antwoord: 18 November 2011

Petrus,
Jy vra en sê ’n klomp goed. Miskien moet ek begin (dalk eindig ook) by jou laaste vraag: Die kernvraagstuk (of begin punt) is of die NGK kan, of moet, of gaan voort bestaan en waarom.

Soos ek dit het, sal hierdie kerk voortbestaan tot minstens met my dood, want ek beplan nie om êrens elders heen te gaan nie. Maar dan sing ons steeds: Hou Christus self Sy kerk in stand, vergeefs die hel se woede. Buitendien dink ek die NG Kerk kan en moet maar voortbestaan synde Kerk van Christus en synde ’n kerk wat vir mense met ’n sekere spiritualiteit ’n tuiste is. Waarom moet dit voortbestaan? Alleen om die eer van God en die uitbreiding van Sy Koninkryk, anders het dit geen bestaansreg nie.

Getalle neem af, dis waar. Maar soos ek dit het, is dit weens verhuising landuit en weens die krimpende kindertal. Die NG Kerk het nie persentasiegewys meer gekrimp as die Afrikaanssprekende deel van ons bevolking nie. Miskien moet ons meer aggressief oor taalgrense heen ons taak as gelowiges doen.

Ek is baie bly dat ons in die kerk met openheid en deernis vir mekaar, en met vertroue in mekaar se integriteit en met selfs die gewilligheid om by mekaar te leer, na mekaar kan luister. Dis reg so. Alles is nie altyd net swart en wit nie. Selfs nie ’n zebra nie, hy’t ook maar so ’n ander kleur strepie by. En vir die een ou is ’n glasie wyn taboe en vir die ander ou is dit plein plesier. En volgens Paulus sondig geeneen van hulle as hulle, met deernis vir mekaar, verantwoordelik doen wat hulle doen nie. So mag mense oor ander goed ook verskil en steeds binne God se wil verskil.
Die maatstaf vir wie reg is lê dan nie in een of ander skrywer se mening nie en ook nie in enige koerant se sg opnames nie. Self besluit ek volgens dit wat ek uit die Woord verstaan en ek toets dit by kerkvergaderings aan my medegelowiges se insig volgens hulle verstaan van die Bybel.

Op die kantlyn lees ek ook by jou van die NGKA en RCA se deelname aan die proses van eenwording. Tydens die sinode is besluit dat die eenwording eers wag tot almal aan boord dit saam kan doen. Ek deel nie Gideon en Ben se sentimente nie en ek het anders gestem as wat die sinode besluit het. Maar volgens die gegewens wat ek het, is albei die kerke steeds op die gesprekswa.

Groetnis,
Pieter Raath.